


ONDERSTEUN


die vooraanstaande

MANSUITRUSTERS**WELGEMOED & Kie.**

h/v Pretorius- en v. d. Waltstr.

PRETORIA

Die



Afrikaner-Sosialisme
beteken bestaansveilig-
heid vir Afrikaners in
Suid-Afrika

DERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 23 FEBRUARIE 1944.

No. 14.

Populêre en Ander Sosialisme

Die treffendste bewys dat die rewolusie van die twintigste eeu onherroepelik op koms is, is seker geleë in die populariteit van Sosialisme by haas alle politieke kringe in ons land. In die parlement, op die verhoog van die demagoog, oral word die kreet van Sosialisme aangehef. Dat die motiewe wat hierdie kreet inspireer by almal nie dieselfde is nie, is onteenseglik waar. In hierdie tye waarin ons vandag leef kan in elke demokratiese land van die wêreld drie fundamentele groepe aangetref word. So ook in ons land. En by elk van hierdie groepe is Sosialisme populêr — maar om verskillende redes.

Die Politieke Partye

Daar is eers en veral die politieke partye wat met sosialistiese programme en mosies voor die dag kom. Dit is bekend dat politieke partye streef na magverskuiwings. As die een politieke party aan die bewind is, dan probeer 'n ander een om hom van sy troon te tuimel, ten einde self die gewaardeerde magposisie te kan beklee. In hierdie politieke spel, wat gewoonlik in die parlementêre arena gespeel word, maak die spelers, die beroepspolitici, gebruik van argumente of praatjies, waarna die volk sal luister. Die wenner van hierdie spel is die party wat praatjies kan opdis, of 'n program kan publiseer, waarmee hy meer mense kan „vang” om vir hom te gaan stem, as vir sy opponent, die opposisie-party.

DIE K.G.

Ons vestig graag die aandag van ons lesers op die reeks vergaderings wat die K.G. eersdaags in die westelike provinsie sal toespreek. Op hierdie vergaderings sal die K.G. nuwe helderheid gee omtrent die jongste fase van die Ossewabrandwag se stryd. Hierdie vergaderings is van die uiterste belang vir elke brandwag, maar veral ook vir daardie mede-Afrikaners wat nog nie by die Volksbeweging ingeskakeel is nie.

In die gewone loop van die politieke spel probeer die politieke partye tans om mekaar te oortref in hul voordrag van sosialistiese maatreëls. Hierdie vlerkspeery by die sosialisme, moet mens na waarde skat, en die mense wat die minste waarde daaraan heg is die beroepspolitici wat besig is om die gogga te tik.

Maar die politieke partye is nie die enigste mense wat Sosialisme propageer nie. Links en regs van hulle staan ook nog twee groepe wat in alle erns die Sosialisme bepleit.

Vanwaar Sosialisme

Maar voordat ons by hulle kom, moet ons eers die vraag vanwaar Sosialisme kom beantwoord. In alle demokratiese lande bestaan daar twee magsgroepe; die een vertoon na buite en die ander een opereer onsigbaar agter hierdie een. Die een is die landbestuur, en die ander is die georganiseerde belangegroep in die land. Die een is die parlement of die politieke mag en die ander is die kapitalisme of die geldmag. In alle moderne demokratiese lande het die geldmag dit reggekry om onverstoord sy laakbare rol agter die skerms te speel, terwyl die volk, in politieke partye verdeel, voor op die verhoog, onder mekaar baklei. In alle demokratiese lande — Suid-Afrika inkluis — het die geldmag dit dus reggekry om die opperheerskappy te verower. En die toestand van alle volke

wat in demokratiese lande woon, getuig van die misbruik wat die kapitaliste van hul mag gemaak het.

Die Kommunisme

As reaksie teen die kapitalistiese uitbuiting het die kommunisme voor die dag gekom met die idee van 'n anargistiese internasionale rewolusie teen die kapitalisme. In sy poging om propaganda te maak vir hierdie mengmoes-gedagte van hom maak die kommunisme gebruik van die sosialistiese kreet. Hierdie kreet in die mond van die kommuniste is gevaarlik — nie soseer terwille van die kreet self nie, maar terwille van die stertjie wat hulle aan sosialisme hang. By hulle is die „societas” nie die volk nie, maar wel 'n internasionale proletariaat van werkers, van alle kleure en geure. By hulle rus die „societas” nie op gesonde godsdienstige en etiese fondament nie, maar wel op vleeslike behoeftes en luste.

Die kommuniste is 'n groep wat links van die politieke partye staan en die kreet van sosialisme aanhef as 'n soort van piëteitsgebaar om die aandag van hul eie goddelose leerstellings af te trek.

Die Ossewabrandwag

Maar in Suid-Afrika is daar ook 'n groep wat regs van die politieke partye staan en wat met dodelike erns die sosialistiese idee konsekwent voorlig. Dis die Ossewabrandwag. Die sosialisme van die O.B. is belaggaam in sy strewende om die ekonomiese mag uit die hande van die kapitaliste te ruk, en om dit oor te plaas saam met die bestuurlike magte in die hande van die volk; en om werk te verskaf aan elke volkslid deur middel waarvan hy 'n veilige en menswaardige bestaan kan maak. Dit beteken eerstens dat die O.B. in die Republiek wat hy bepleit geen skeiding sal duld of erken nie tussen politieke en ekonomiese mag; maar dat albei organies en natuurlik sal rus in die hande van die gesagstaal. Owerigens beteken dit dat hierdie magte deur die staat gebruik moet word in belang van die volk as geheel, en dat nie toegelaat mag word dat een seksie of lid van die volk, vir eiegewin, 'n ander uitbuit nie.

Die sosialisme van die O.B. stuur af op die vernietiging van die huidige kapitalistiese uitbuiting en veronregting, sowel as op die verwerping van kapitalistiese waardes — die O.B. verwerp die kapitalistiese dryfveer van „wins vir myself” en vervang dit met die van „diens vir my volk”. Die O.B. aanvaar 'n nuwe lewensbeskouing gekoppel aan 'n nuwe stelsel.

Die Kontra-Rewolusie

Nie alleen wil die O.B. as sosialistiese beweging die kapitalisme vernietig nie, maar ook as volksbeweging wil hy die kommunisme teengaan. Die rewolusie van die twintigste eeu gaan teen die kapitalisme — as sulks is die O.B. 'n deel van hierdie rewolusie en is hy rewolusionêr. Maar die rewolusie van die twintigste eeu het ook 'n ander aspek — een wat spesifiek teen die kommunistiese rewolusie gaan. Hierin deel die O.B. ook, daarom is hy ook kontra-rewolusionêr. Die taak van die O.B. is nie alleen om die kapitalisme te beveg nie, maar ook om te verhoed dat kommunisme sy plek sal inneem. Daarom moet die O.B. 'n kontra-rewolusie uitvoer.

Die sosialisme wat die O.B. voorstaan is die volkseie sosialisme van hierdie kontra-rewolusie.

VRYHEIDSDAG

Nog weinige dae en Vryheidsdag is daar. Wie weet, miskien mag Die O.B. nog binnekort skryf: nog weinige oomblikke en die vryheid van die Afrikanerdom is daar!

Laat ons die vryheidsvlam hoog en brandend hou, en laat ons ywer vir die vryheid geen oomblik verflou, of ons offers min word nie.

Laat ons steeds stry vir die vryheid, en laat ons daardie mede-Afrikaners wat meer as ons moet ly terwille van hul stryd vir vryheid, die hoogagting en hulde toebring wat hulle verdien.

Die minste wat elke Afrikaner kan doen is om op 26 Februarie sy stukkie hout op die vuur te gaan gooi, en om, na vermoë, ruimskots sy offer te gaan stort in Die Kissie vir die Noodhulpfonds.

AFRIKANERS AAN U.K.**TRAP VAS**

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Universiteit van Kaapstad sal 'n deel van die studentegemeenskap hierdie jaar nie deelneem aan die Hospitaal-Jool nie.

Die komitee wat verantwoordelik is vir hierdie Jool het nl. besluit om 'n deel van die opbrengs af te staan vir die Vryheidskavalkade.

Die Afrikanerstudente aan die universiteit het besluit dat hulle nie hulle weg oopsien om 'n poging te steun wat fondse vir oorlogsdoeleindes gaan insaamel nie.

Die besluit van die Jool-komitee noodsaak dus die Afrikanerstudente om hulle te onttrek aan 'n gebeurtenis wat reeds 'n instelling geword het aan hul universiteit.

Net soos die besluit van die komitee nie genoeg betreur en afgekeur kan word nie, verdien die doelbewuste optrede van hierdie Afrikanerstudente die dankbare erkentelikeheid van alle Afrikaners.

DIE ONTWAakte VROU

Die Bellville vrouekommando berig dat hulle met genoeg verslag kan doen van vooruitgang. Vroeg in hierdie jaar is 'n Vriendskapsentrum geopen, onder blyke van groot belangstelling. By dié geleentheid is 'n gesellige aand deurgebring en is die mooi sommetjie van £1-7-9 ingesamel. Brandwagte en vriende op besoek, of wanneer hulle deur Bellville reis, sal baie welkom wees om 'n koppie tee of koffie in die Sentrum te kom geniet. Dit is geleë in die huis van komdté, Ferguson, Nuwe Kerkstraat, regoor die N.G.-Pastorie, en is oop op Woensdae, vanaf 10 vm. tot 10 nm., asook Saterdag wanneer die Penkop-dogters met hul offisiere daar vergader.

Voorts word verklaar dat die kommando in besit is van 'n eie spinwiel en dat die spinkursus reeds 'n aanaang geneem het.

Uit Stellenbosch berig die kommandante van die vrouekommando soos volg oor die oeffenaardigheid van haar brandwagte:


In plaas van haar verjaarsdag te vier het 'n brandwag verkies om liever 10/- te stort in die Noodhulpfonds.

'n Ander brandwag het 'n artikel op 'n vendusie laat verkoop en beloof om alles wat sy ontvang, 'n pond te bowe gaande, vir Noodhulp te gee. Sy kon 11/3 skenk.

'n Derde het haar dienste vir 'n tydperk van ses maande, as onderwyseres aan die pasgestigte Afrikaansmediumskool op Pietermaritzburg, gratis aangebied.

Uit Vryburg kom berig van elfjarige Fransina Haasbroek wat op vakansie in Natal was. Een aand, by geleentheid van 'n gesellige samekoms, het vriende haar gevra om te sing. Sy het dit gedoen. Toe sy spesiaal versoek word om die lied van die Ossewabrandwag te sing het sy geantwoord: „Die O.B.-lied sing ek nie verniet nie. Ek sal dit sing as almal iets sal gee vir die kindertjies wie se pappies gevang is.” Sommige mense het die lied vir die eerste keer gehoor en sy moes dit verskeie male herhaal. Op hierdie manier kon sy die mooi bedraggie van £1 6s. in die Noodhulpfonds stort.

Sonnige tabakblare rus in geurige ouwynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van draddy-tabak kry.



draddy die rypste
tabak bekend.

draddy TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

ASOKOR BEPERK

(Geregistreerde Kantoor: Cuthbertsgebou, Matlandstraat, Bloemfontein.)

DIREKTEURE: Prof. L. J. du Plessis, M.A., M.Ekon., LL.B.; C. C. Kriel; A. Bickel; A. C. Lombard; Gerard Bekker, L.V.; Gordon Tomlinson.

ALGEMENE BESTUURDER: P. J. Krüger. SEKRETARIS: J. P. v. d. Westhuizen, B.A., B.Com.
Alle Correspondensie moet aan die Algemene Bestuurder gerig word:
CUTHBERTSGEBOU, EERSTE VLOER, BLOEMFONTEIN.

ASOKOR BPK. VERKLAAR OORLOG TEEN DIE GEWETENLOSE SPEKULASIEBEDRYF.

Geagte Lid/Vriend,

VERLIESE DEUR SPEKULASIE.

Daar is nie nog 'n land ter wêreld wat so in die greep van 'n gewetenlose spekulatiebedryf doodbloei soos ons land, Suid-Afrika, nie. Nou dat dit ons roeping geword het om in te gaan op die handelsmetodes tans van toepassing tussen produsent en verbruiker, moet erken word dat ons verbysterd staan oor die geweldige verliese wat jaarliks deur produseerders en verbruikers gely word.

Vriend, u weet van al die spekulatiewe onheile wat tussen ons plaasvind, maar u het daarteenoor magtelos gestaan omdat u oor geen organisasie beskik het wat teen die spekulatiewe elemente durf oorlog verklaar nie.

Dink maar aan die geval van Port-Elizabeth wat vir elke 26 huisgesinne een groentevenster het. Die gemiddelde huisvrou het geen kans om haar weeklikse groentebehoefte op 'n oop mark te koop nie, nee, sy betaal in menige opsig 'n wins van 300% tot 400% wat die produsent nooit bereik nie. Dink ook aan die bemerking van vleis. Wat het die boer gedurende die afgelope jare tog nie al verloor nie en wat van die verbruiker?

ASOKOR BPK. KNOOP DIE STRYD AAN.

'n Organisasie om die wins-terende bedryf te beveg het u vandag in Asokor Beperk wat reeds handelend optree en die daad by die woord voeg. Asokor het gekom om te bly! Sy vestings opgerig om die verbitterde spekulatiewe aanslae te weerstaan, is stewig en heg gebou en vorm reeds die enigste brug tussen produsent en verbruiker. Laasgenoemde twee was nog altyd ver van mekaar af gehou — natuurlik deur die optrede van die middelman. Dit is die reeks middelmannen tussen ons wat nog altyd met die winste weggestap het, en as ons vra watter aktuele belang hierdie middelmannen in die welvaart van die produsent of die verbruiker stel, dan stem die antwoord daarop almal tot verontwaardiging!

ASOKOR BPK. STEUN AANBEVELINGS VAN VLEISKOMMISSIE.

Die beskermende maatreëls oor die bemerking van slagvee, onder noodomstandighede, soos wat nou deur die kommissie van ondersoek aanbeveel word, word deur Asokor Beperk toegejuig. Die voorstelle is in belang van ons land se hele bevolking. As dit toegepas word, en ons twyfel nie daaraan nie, moet die tussenhandel met vee beslis in duie stort. Ons wens die kommissie geluk met die deeglike werk wat hulle gedoen het. Hulle beveel 'n beleid aan wat Asokor reeds vir 'n geruime tyd verkondig het.

ASOKOR BPK. BIED SY DIENSTE AAN.

Asokor Beperk wil graag met hierdie skrywe dit openlik verklaar dat hy geen selfsugtige motiewe koester nie en as daar ander boereorganisasies is in hierdie groot werk, nl. om produsent en verbruiker te skakel, wil meedoen, dan sal hulle Asokor Beperk se organisasie gereed vind om met hulle saam te werk. Asokor verrig landsdiens van nasionale belang.

Hy beywer hom:—

- vir gesonder bemerkingsmetodes,
- om seggenskap vir die produsent in die bemerking van sy produkte te verkry, en,
- om 'n direkte skakel tussen produsent en verbruiker te vorm.

ASOKOR BPK. PRESTEER: DIE DAAD BY DIE WOORD.

DIE KAROO-VLEISBEURS, GERMISTON.

Asokor Beperk het reeds die daad by die woord gevoeg en met die stigting van die Karoo-Vleisbeurs op Germiston is met een van die grootste boerebewegings in Suid-Afrika 'n begin gemaak.

DISTRIBUSIEDEPOTS IN GROOT STEDE.

Noudat die Vleiskommissie se verslag bekend is en aangesien daar feitlik geen twyfel bestaan dat die aanbevelings toegepas sal word nie, beteken dit dat Asokor Beperk nuwe maatreëls sal moet tref. Met die oprigting van slaghuise, of distribusiedepots in die groot stede soos Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen, Johannesburg ens. sal mee voortgegaan word en die inrigtings sal ook dien as ontvangstasies van ons kliënte se slagvee. Volgens die aanbevelings van die kommissie sal Johannesburg, Durban, Pretoria en Kaapstad die enigste plekke wees wat binne die bestek van die nuwe Maatreëls val.

BEENMEELFABRIEK.

Onderhandelinge in verband met die oornam van 'n beenmeelfabriek is feitlik voltooi — die bewerking van die byprodukte van vleis is dus nie uit die oog verloor nie.

BEMERKING EN VERWERKING VAN WOL.

Binnekort hoop Asokor Beperk om 'n belangrike aankondiging te doen betreffende die bemerking en bewerking van wol.

PRODUSENT EN VERBRUIKER VERENIG HUL KRAGTE.

Produsent, as u die spekulatiewe winslas van u skouers wil afwerp, sluit dan by hierdie groot beweging aan wat u direkte seggenskap oor die bemerking van u eie produkte sal besorg. U het al duisende ponde deur spekulasie verloor en om die treurspel te bekroon, het byna 100% van u verlies gegaan as wins in die sakke van tussenhandelaars wat in u welvaart nog nooit belang gestel het nie.

Verbruiker, dit is nie meer nodig om u lewensbehoefte langs die spekulatiewe omweg te koop nie; koop u behoeftes van die man wat in u ekonomiese welsyn belangstel — koop dit direk van die produsent. Word vandag nog 'n lid van hierdie grootste anti-spekulatiewe beweging wat Suid-Afrika nog ooit geken het. Asokor Beperk help die boer om van die onregverdige tussenwinste ontslae te raak. Deur lid te word sal u uself help.

ELKEEN 'N LID VAN ASOKOR BPK.

Asokor Beperk se kapitaal is verdeel in 4,000 aandele van £25 stuk, betaalbaar 40% by aansoek, 30% na 6 maande en na 'n verdere 6 maande die laaste paaiement van 30%. 'n Groot gedeelte van die kapitaal is reeds onderskryf. As u in hierdie beweging belangstel rig dan sonder verder versuim u navrae na die bogenoemde adres. 'n Beter belegging word u nergens aangebied nie.

„EENDRAG MAAK MAG!“

U dienaar,

W.g. P. J. KRÜGER,

Algemene Bestuurder.

Ossewabrandwaggevaar op die Lappe

Die jongste uitgawe van The Forum wy sy hoofnummer aan die Ossewabrandwag in 'n artikel onder die opskrifte: „Fascisme Bedreig Na-oorlogse Suid-Afrika. Die Ossewabrandwag wag op Depressie vir Rekrute uit die gelede van die Ontnugterde oud-Soldate.“ Ons wil graag hierdie artikel onder die aandag van ons lesers bring om hulle 'n idee te gee van die respek waarmee die Ossewabrandwag in vyandlike kringe bejeen word, en van die vrees, wat daar heers, ten aansien van die Ossewabrandwag se idees.

Die redakteur van The Forum skryf dat „hierdie artikel 'n waarskuwing is teen die dwase standpunt wat die hedendaagse Fascistiese magte, soos die O.B., beskou as politiek-bankrotte bewegings, wat sal verdwyn sodra die Geallieerde oorwinning behaal is.“

In hierdie verband wil ons aanstip dat die antwoord van die O.B. op die vrye demokratiese pers van Suid-Afrika se poging om sy vryheid uit te leef deur die Volksbeweging te probeer doodswyg, reeds effektief geblyk het. Die O.B. se antwoord was heldere voorligting opgevolg deur intensiewe organisasie. Aangesien die O.B. 'n boodskap het vir elke Afrikaner, en beslis ook 'n baie verblydende boodskap vir die soldaat en die werker, en nie sonder sukses hierdie boodskap aan hulle oordra nie, kom nou, meer spesifiek ten opsigte van hulle, hierdie waarskuwende artikel teen die Ossewabrandwag.

Die artikel lui o.a. soos volg:

Die O.B.-Gevaar

„Hier in Suid-Afrika sal die Fascistiese bedreiging (in sy nasionale drag natuurlik) ernstig word, eers wanneer die oorlog oor is, en ons ons voet gesit het op die gevaarlike pad na 'n vredes-ekonomie.“

„Die bedreiging sal kom of by wyse van dr. Hans van Rensburg se Ossewabrandwag, of by wyse van een of ander Nuwe Orde-skepping van mnr. Pirow (in noue samewerking met dr. Van Rensburg), of anders — en dit is net so waarskynlik soos die twee reeds genoemde moontlikhede — by wyse van 'n nuwe politieke kombinasie, wat sy ondersteuning sal put, nie alleen uit die gelede van die reeds bestaande quasi-Fascistiese organisasies nie, maar ook van die Nasionaliste en Verenigde partye.“

„Dit is geen oordrywing om te verklaar dat die Ossewabrandwag, vandag, potensieel, 'n groter gevaar vir Suid-Afrika is dan ooit tevore in sy kortstondige en skouspelagtige loopbaan.“

Die Stormjaers van Môre

„Wanneer, as die oorlog oor is, die uitval blaas en die Suid-Afrikaanse soldate terugkeer huis-toe, sal daar, met die beste wil van die wêreld, geweldig baie ontnugtering wees. Deur die eene heen het ekonomiese ontwrigting op oorloë gevolg. En daar is geen waarborg dat hierdie oorlog 'n uitsondering op daardie reël sal wees nie. Daar sal werkloosheid wees.“

„Die leiers van die Ossewabrandwag wag vir die Springbokke van vandag, met die vaste vertroue en verwagting, dat hulle die Stormjaers van môre sal wees. Dr. Van Rensburg het dit eelf gesê.“

„Ons sien die Afrikaner in die leer“, het hy gesê. „Ons kyk na die man binne die uniform“. Al hierdie Afrikaners is potensieel soldate van die Herenvolk-republiek, wat die Ossewabrandwag eendag wil stig, sê die O.B.-Fuhrer.

Van Rensburg geen Gek

„As ons spot met Van Rensburg en sy stories doen ons dit tot ons eie gevaar. Hierdie oud-Administrateur, oud-Sekretaris van Justisie, en hartstogtelike aanbieder van Hitlerisme, wat deurdrenk is van Nazi-oorleerwings en -ideologieë, is geen gek nie. Hy wag nie sy tyd af vir niks nie.“

„Onlangs het hy 'n Arbeidslaer in die lewe geroep. Hy is deeglik bewus van die potensieel rekrute wat hy mag inskryf as die ekonomiese storms van oor die see op Suid-Afrika losbars.“

„Ons moet oppas dat ons nie al ons

gevegte wen nie, en die vrede in ons eie land verloor nie. Daar is net een manier om hierdie treurmare te verhoed. Ons moet sosiale en ekonomiese toestande skep waaronder Fascisme nie kan floreer nie. Alleen onverskrokke beplanning en die onverskrokke daad sal Fascisme halt. Nie onderdrukkende maatreëls of wetgewing nie.“

Demokrate, Verenig!

„Is dit te veel om te hoop dat die demokratiese elemente in al die partye hulle oppervlakkige geskilleltjies sal bylê, en sal saamstaan of saamkom op hierdie lewensbelangrike punt? Dis byna onvermydelik dat daar 'n herskommeling van politieke magte na die oorlog sal wees. Kan 'n gemeenskaplike antipatie teen die Fascisme, en die herenvolkleestellings wat onafskiedbaar daarmee geassosieer word, dan nie as gemeenskaplike ontmoetingsoord dien nie vir alle manne en vroue vir welwillendheid in die twee hoof-politieke partye van vandag?“

UITLATINGS VAN H.N.P.-LEIERS

Ten opsigte van die aspirant-kandidate vir die interneringskamp en die vroeë wat van owerheidsweë aan hulle gestel word, het adv. J. G. Strydom, die leier van die H.N.P. in die Transvaal, in die parlement verklaar dat „die owerheid nuskierig is omtrent die lidmaatskap van die O.B., politieke partye, die R.D.B., ens. Daar word egter niks gevra omtrent die Stormjaersbeweging nie. Om bloot lid van hierdie Beweging te wees is genoegsame rede vir internerings. Die gewone lede word geïnterneer maar die leiers van die Beweging word nie aangeraak nie.“ Adv. Strydom het voorts verklaar „dat hy nie juis begoet dat die leiers geïnterneer moet word nie, maar hy vind die prosedure wat gevolg word heeltemal belaglik.“

Adv. C. R. Swart, die leier van die H.N.P. in die Vrystaat, het ook in die Parlement in verband met hierdie saak verklaar dat „baie jong manne geïnterneer is bloot omdat hulle lede van 'n sekere vereniging was, terwyl die leiers van daardie organisasie toegelaat word om vry te gaan.“ Hy het ook gesê dat „die Herenigde Party sedert die uitbreek van die oorlog as party beslis gekant was teen enige geweldpleging, sabotasie of ondermynende bedrywighede.“ Hy het daaraan toegevoeg dat „toe die Party 'n ooreenkomst aangegaan het met 'n sekere ander organisasie was die vernaamste voorwaarde dat daar geen geweldpleging mag wees nie.“

Wat is nou die beduidenis van hierdie verklarings? Is die H.N.P.-leiers kwaad dat die regering nog nie vir dr. Van Rensburg geïnterneer het nie, of wat? Waarom is hulle so verbitterd teenoor die O.B. en waarom gaan hulle so konsekwent voort met die vervolging van die beweging en sy leier? Dit is tog nie die weg wat na versoening en die eenheid van die Afrikanerdom sal lei nie.

COMMON SENSE

Heelwat lesers het aan ons geskryf om te verneem oor die aard van die blaadjie Common Sense — waarin dr. Otto du Plessis, Voorligtingsektaris van die H.N.P., onlangs sy party se voorstel vir 'n kompromis-republiek binne die Britse Ryk, gepubliseer het. In sy Januarie-uitgawe verstrek die blad self die antwoord op hierdie navrae.

Common Sense is die orgaan van die Society of Jews and Christians — 'n vereniging wat ongeveer sewe jaar gelede in die lewe geroep is in Suid-Afrika om welwillendheid teenoor en samewerking met die Jode te bepleit.

Alhoewel hierdie oorspronklike doelstelling nie vervaag het nie, is dit tog aangevul met die meer algemene beleid om 'n beter verstandhouding tussen mense van verskillende rasse en gelowe te bewerkstellig deur beklemtoning van sosiologiese en ekonomiese probleme.

WAAROM DIE BOEREJEUG.

Op Vrydagaand, 11 Februarie, het genl. Dirk van Rooy, leier van die Boerejeug, 'n baie geslaagde vergadering in die Hofmeyr-saal, Kaapstad, toegespeek. Jeughoofkomit. Truter, offisier-in-bevel van die Boerejeug in Wes-Kaapland, was in die stoel.

Genl. Van Rooy het met waardering melding gemaak van die blye feit dat dr. en mev. J. S. du Toit 'n stuk van hul plaas, vier morg groot, vir die uitsluitlike gebruik van die Boerejeug van hierdie Gebied afgestaan het. Vervolgens het die leier aangetoon waarom die bestaan en groei van die Boerejeug vir die Afrikanerdom noodsaaklik is; asook waarom die Boerejeug en die Voortrekkerbeweging nooit met mekaar hoef te bots nie.

Die Jeug se Eis

'n Vraag wat dikwels gestel word is: waarom het die Ossewabrandwag sy eie jeugorganisasie in die lewe geroep? Histories was dit die regstreekse gevolg van 'n vraag wat 'n seun uit die Noordweste van Kaapland aan die A.K.G. gestel het. Die seun wou nl. weet waarom hy nie ook aan die O.B. mag behoort nie en het die belofte ontvang dat die O.B. vir hom plek sal maak. Hierdie seun is deur die lees van die boek „Ek rebelleer” aangevuur en wou weet waarom hy dan te jonk sou wees as die skrywer van daardie boek nie destyds te jonk was om by die Boerekommandos aan te sluit nie.

Dus, die eerste antwoord op die vraag: Waarom 'n Boerejeug? is: die Afrikanerjeug het daarom gevra.

Hulle Verdien Dit

Waarom het hulle dit gekry? Omdat die jeug van die Boerevolk in die geskiedenis van ons volk 'n ereplek inneem. Dink maar aan:

1. die seun en dogter van die Voortrekker;
2. die seun Paul Kruger;
3. die penkop van die Tweede Vryheidsoorlog;
4. die seun en dogter van die konsentrasiekampe;
5. die seuns wat vandag in tronke en interneringskampe beland het ten gevolge van hul ywer vir die saak van die Boere.

Daarom het die jeug aanspraak op 'n plek, en sommeer 'n groot plek in die O.B.

Die Speerpunt van die Rewolusie

Maar daar is nog 'n rede. Ons lewe in 'n tyd waarin volke verjongingsprosesse deurmaak. In daardie proses speel die jeug noodwendig 'n groot rol. Ons gaan 'n nuwe wêreld tegemoet, die wêreld waarin die jeug van vandag moet gaan leef en streef. Vir daardie lewe en daardie strewende gaan die O.B.-Boerejeug hulle voorberei. Daarom noem die K.G. die O.B.-Boerejeug die eerste voortstuwende golf van die volksbeweging. Die jong geslag as draer van die jong gedagte, die jong gedagte wat niks anders is nie as die verjongde vorm van al wat goed en edel by ons voorgeslagte was.

Die Jeug wil Dien

Die Boerejeug van vandag is die Ossewabrandwag van môre; ja meer, is die O.B.-leiers van die toekoms; nog meer, is eendag die volksleiers van ons Gesagstaat wat kom; volksleiers op elke gebied.

Daarom eis die Boerejeug van elke lid diens. Niemand is ooit te jonk om sy volk te dien of om landsdiens te verrig nie. Die boerebaba is ook al lid van ons beweging, die boerekleingoud het al hul takie om te verrig, die boere-seun en boeredogter trek al ywerig saam in die volkspan en leer om mekaar op alle moontlike maniere by te staan. Een vir almal, almal vir elkeen.

Die Boerejeug eis pligsgetrouheid, diens, opoffering indien nodig. 'n Boerejeuglaer is nie 'n piekniek nie, nie 'n vakansie leegleëry nie. Iemand wat eendag wil lei moet leer om te gehoorsaam. Elke samekoms van die Boerejeug sal gekenmerk word deur stipte disipline, volmaakte orde, opbouende werk.

Dis Edel om te Werk

Die boere-seun en boeredogter beskou geen werk te laag vir hom of haar nie. Hy of sy doen daardie werk in belang van land en volk en doen dit dus so goed moontlik en so graag moontlik.

Die Boerejeug voer bevele uit, want hulle moet eendag bevele gee. Hulle is hul ouers onderdanig, respekteer hul onderwysers, erken die gesag van hul offisiere, sien met eerbied en vertroue op na hul K.G. en buig hulle voor hul God.

Die Boerejeug leer hul volk ken en dien maar leer ook hoe om hulle te gedra teenoor diegene wat nie tot hul volk behoort nie. Teenoor sodanige is ons trots op ons bloed, ons afkoms, ons tradisies, ons taal en ons godsdien. Teenoor vyandige of skadelike elemente openbaar ons 'n gesonde selfvertroue, 'n regmatige volkstrots. Vir ons geen mooier naam as Boere-seun of Boeredogter nie.

Die Voortrekkerbeweging

Van onsimpatieke kant is al meer-maal beweer dat die stigting van die Boerejeug onnodig was aangesien daar alreeds 'n sterk Voortrekkervereniging bestaan. Selfs word beweer dat die Boerejeug die Voortrekkers doelbewus ondermyn. Om met laasgenoemde bewering te begin, daarvoor is nog nooit 'n bewys gelewer nie, en 'n bewys sal ook moeilik gevind kan word. Die Voortrekkerleiers is bewus van die feit dat ek hul strewende en organisasie hoogskat. Daarby is die Boerejeug 'n gedissiplineerde liggaam en geen lid daarvan sal teen die wese van hul leier met die Voortrekkers moeilikheid soek nie. Omgekeerd verwag ons nie dat elke Voortrekkeroffisier ons goedgesind sal wees nie — ons sou natuurlik dankbaar wees as dit die geval kon wees — maar waar 'n Voortrekkeroffisier ons aktief teëstaan, is hy self verantwoordelik vir die gevolge.

'n Bepaalde Volksidee

Ek sien graag dat elke lid van die Boerejeug ook 'n Voortrekker is, ten minste as die tyd en geleentheid dit toelaat. Maar Voortrekkerwerk is nog nie Boerejeugwerk nie; daar is baie Voortrekkers wat seker nooit lede van die Boerejeug sal wees nie, net so seker as wat daar baie offisiere van die Voortrekkers is wat vandag nie by ons mag wees nie alhoewel hulle dit graag sou wil. Die Boerejeug groei op met 'n bepaalde volksidee en berei hulle voor vir 'n bepaalde volkstaak — kind van Christenouers, 'n plantjie van ons vaderlandsbodem, lid van sy volk van sy geboorte af aan, is sy leuse: **My God, My Volk, My Land Suid-Afrika.**

Teen Kettingwinkels

'n Interessante artikel oor „Die Basaars en Teëwig teen Basaars en Kettingwinkels” het in die Februarie-uitgawe van Volkshandel verskyn. Oor die teëwig verklaar die skrywer:

Die kleinhandelaars begin hulle meer en meer verenig, waar groothandelaars gewoonlik ingesluit is en so word 'n soort ketting opgebou om die koopkrag te konsentreer en om die verspreidingskoste te verminder. Hierdie tipe van organisasie word gewoonlik 'n „vrywillige ketting” genoem en het in baie lande geweldig veld gewen.

'n Vrywillige ketting is eenvoudig 'n groep kleinhandelaars, wat elkeen sy eie winkel besit en bestuur, georganiseer om handelsbedrywighede te beheer deur groothandels- en kleinhandelsfunksies onder een bestuur te verenig. Hierdie groepe kan saamwerk met selfstandige groothandelaars of hulle kan hul eie groothandelshuise in die lewe roep.

Hier is die aangewese weg om te volg deur ons Afrikanerbesighede, om hulle te red en diens en waardes aan die volk te bring.

BELANGRIKE BROSJURES WAT U MOET LEES !!

1. DIE VOORAAND VAN ONS VOLKSEIE SOSIALISME.

Amptelike O.B.-Uitgawe — Prys slegs 9d.

.....Die wêreld skakel oor na 'n sosiaalgerigte struktuur..... Dis nie meer 'n kwessie van keuse tussen kapitalisme en sosialisme nie, dis net een van aanpassing.
.....Landsrykdom is vir Volksdiens daar; nie vir die „London Stock Exchange” nie....
Hierdie en nog ander waarhede vind u daarin opgesluit.

2. DIE OPLOSSING VAN DIE NATURELLE VRAAGSTUK IN SUID-AFRIKA.

Deur dr. P. J. Coertze, dr. F. J. Language en Prof. B. I. C. van Eeden — Prys 1/6.

.....Die Boerevolk is histories aangewese en verantwoordelik vir die oplossing van hierdie vraagstuk.
.....Segregasie beteken nie onderdrukking nie maar (a) herstelling van die oorspronklike stamorde, en (b) geleidelike skeiding tussen blankes en naturelle op alle gebiede van die lewe.

Lees hierdie belangwekkende en openhartige bespreking van ons grootste vraagstuk

Bestel van:

PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BPK.

POSBUS 4892,

JOHANNESBURG.

£100,000

in aandeel is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderkryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weer-spieël groot win-

ste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabriekke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandeel aan:—

M.....

.....

(O.B., 23 Feb. 1944).



ELLA ELOFF VAN DER WALT

SE JONGSTE LIEFDESROMAN —

WEERKLANK VAN DIE KLOWE

PRYS 7/- POSVRY.

DIE VROU WAT NIE MOG LIEFHÊ NIE !

NA die berge het sy haar toevlug geneem om aan die lewe te probeer ontvlug. DAAR, in die wye natuur, het sy vrede in haar siel gevind totdat die wrede lewe haar ook daar betrap het.

SY mog hom nie liefhê nie, maar sy kon hom ook nie haat nie. Want oor haar lewe het immer die skaduwee van haar mistrap gelê. AL haar hartstogte was maar soos 'n WEERKLANK UIT DIE KLOWE. Selfs haar geluk was net so kortstondig soos 'n WEERKLANK.

Bestel vandag

WEERKLANK VAN DIE KLOWE

deur

ELLA ELOFF VAN DER WALT

PRYS 7/- POSVRY.

van

AFRIKAANSE PERSBOEKHANDEL,

SPOORBONDKASGEBOU,

Posbus 845,

De Villiersstraat 15,

Foon 33-6797.

JOHANNESBURG.

DIE O.B., WOENSDAG, 23 FEB. 1944

Die Kontra-Rewolusie

Daar het nog nie in Suid-Afrika 'n organisasie bestaan soos die Ossewabrandwag nie. Die O.B. is nie maar nog 'n organisasie, by al die ander, wat vir die pret in die lewe geroep is nie.

Die O.B. is eerste en enigste van sy soort. Dis nie 'n organisasie wat hom daarop toelê om die mag uit die hande van die een party te neem ten einde dit in die hande van 'n ander party oor te plaas nie. Die O.B. is 'n organisasie — 'n eedgemeenskap — wat onderneem het, voor God en mens, om die mag eens en vir altyd uit die kloue van kapitaliste en politieke groepe te neem, en dit finaal oor te maak aan die volk.

Die O.B. het hom ten doel gestel om 'n proses wat vir jare al aan die gang is, nie alleen te onderbreek nie maar finaal uit te wis. Vir jare al sit die kapitaliste met al die ekonomiese mag — die sg. broodmag — in hulle hande, en ten spyte van die wisseling van die politieke mag tussen politieke partye behou hulle hierdie mag. Dit is tot 'n besef van hierdie proses waartoe die volk ontwaak het en dit is hierdie proses wat hulle deur middel van die volksbeweging wil stuit. Maar hierdie proses sal nie met prosaïese middels gekeer word nie — alleen rewolusionêre optrede sal dit doen. Daarom is die O.B. ook wesenlik rewolusionêr van aard.

Die kapitaliste en hul handlangers sal nie hul gevestigde belange en posisies prysgee sonder 'n hewige stryd nie. Die kapitaliste sal nie hul reg om onbeperkte winste te maak, en enorme private besittings op te stapel, sonder die geringste inagneming van die volk se belang, somaar so terloops prysgee nie. Ook sal hulle nie die voorreg wat hulle vandag so gruwelik misbruik om die volk uit te mergel en sy bodem te roof, somaar so liggies wil verloor nie. En die beroepspolitici wat die parasiete op die kapitalisme is, sal ook nie vrywillig dit wil los waaraan hulle so winsgewend kleef nie. 'n Rewolusie sal nodig wees om die volk baas te maak in sy eie land.

Die oorlog wat daar vandag woed, is die kapitaliste se poging om te handhaaf en te hou, al daardie dinge wat die volke regmatig toekom. Maar die kapitaliste het die wind van voor gekry en nie van agter soos hulle gehoop het nie. In hulle benoudheid het hulle om hulp geroep — en hulp het opgedaag in die vorm van die Kommunistiese Kolos. Die kommunisme leer dat sy volmaakte lewe eers sal begin by die dood van die kapitalisme. Die kommunisme het die kapitalisme nie te hulp gesnel om sy lewe te red nie, maar om ter plase te wees as hy sterf, ten einde sy boedel te erf. Soos die aasvoël waak die kommunisme nou oor die sterwende wolf.

Die kommunisme beoog 'n wêreldrewolusie teen die kapitalisme ten einde homself internasionaal veilig te grondves. En hy sit vandag langs sy vyand wat alreeds deur 'n ander dodelik gewond is. Wie is die ander? Dis die magte van die kontra-rewolusie. Dis die magte wat stry nie alleen teen die kapitalisme nie, maar ook teen of kontra die kommunistiese rewolusie.

In Suid-Afrika het die O.B. nie alleen die taak om die rewolusie teen die kapitalisme deur te voer nie, maar hy is ook veral geroepe tot die taak om die kontra-rewolusie teen die kommunisme deur te voer. Hierdie taak kan die O.B. alleen suksesvol verrig as die hele volk opstaan en hulle soos een man aangord tot die stryd. Daarom dat hierdie kontra-rewolusie gevoer moet word deur 'n volksbeweging.

Die kapitalisme en die kommunisme het ooreengekom om die volk in twee dele te verdeel, en elkeen het vir hom 'n deel gekies waarmee hy oorlog voer teen die ander. Die een het vir hom die besitters gekies en die ander die besitloos. Watter een van die twee dele ook al wen, die volk as sulks moet verlore gaan.

Daarom kom die volksbeweging nou om altwee hierdie dele saam te bind tot 'n volksgemeenskap — wat sy nasionale erfenisse met trots sal troetel; wat sy sosiale pligte teenoor elke lid van die gemeenskap getrou sal nakom; en wat sy vyande onverbiddelik sal

Die Oorlog in die Verre Ooste.

Hoewel Suid-Afrika om historiese redes en weens sy geografiese ligging nie onverskillig mag staan teenoor die oorlogsgebeure in die Verre Ooste nie, is dit tog opmerklik dat ons Brits-georiënteerde dagbladders so weinig aandag skenk aan die oorlog teen die Japanners. Ons nuusagentskappe voorsien ons van breedvoerige berigte oor die oorlog in Rusland en Italië en oor die lugoorlog oor Europa, maar oor die oorlog in die Verre Ooste is hulle betreklik swygzaam. Daar het weliswaar 'n skok deur Suid-Afrika gegaan toe die Japanners hul groot en blits-snelle oorwinnings behaal het, maar sedert daardie tyd is ons gesus met die gedagte dat die oorlog in die Verre Ooste 'n wending ten gunste van die Westerse moondhede geneem het.

Is hierdie Optimisme geregverdig?

Dit is wel waar dat nie die Japanners nie maar die Westerse moondhede nou al vir meer as 'n jaar aanvallend optree. Dit is waar dat Amerikaners en Australiërs belangrike suksesse op die Salomo-eilande, die Gilbert-eilande en op Nu-Guinee behaal het. As 'n mens die landkaart raadpleeg en die uiters langsame vordering van die Geallieerdes met die vinnige en geweldige verowering van die Japanners vergelyk dan is daar egter geen regverdiging vir die oor-optimisme en selfvoldaanheid waaraan ons nuusagentskappe tot eie nadeel hulle skuldig gemaak het nie.

Mac-Arthur waarsku

Selfs die gewoonlik oor-optimistiese genl. Mac-Arthur, Amerikaanse bevelvoerder in die Suidelike Stille Oseaan, het onlangs teen hierdie selfvoldaanheid gewaarsku. Volgens United Press sou hy verklaar het „dat die verowering van die buitenste Japanse eilande in die Stille Oseaan nie as beslissend beskou kan word nie. Die Japanse leër moet verslaan word voordat die oorwinning verseker is. Japan kan nie net deur bombardemente en blokkade verslaan word nie. Dit is misleidend om van kort-paadjies te praat. Daar bestaan nie so-iets nie.” Aldus Mac-Arthur.

Japan in die eerste plek 'n landmag en nie 'n seemag nie

Hierdie tydige waarskuwing van 'n Amerikaanse bevelvoerder verdien meer as gewone aandag. Die verowering van landings wat die Geallieerdes op Japanse eilande deurgevoer het, geld alleen vir 'n paar Japanse voorposte. Die geweldige Japanse eilanderyk is hierdeur nog feitlik nie geraak nie. Wat egter dikwels uit die oog verloor word, is die feit dat Japan nie alleen 'n eilanderyk, afhanklik van seemag, is nie maar ook 'n vastelandse moondheid wat oor 'n sterk leër beskik. Op die Asiatiese vasteland het die Japanners voor en gedurende die huidige oorlog groot grondgebiede gekoloniseer en verower. In hierdie grondgebiede het die Japanners geweldige mensemassas

uitroei.

Die Ossewabrandwag, rewolusionêr in sy aanslag teen kapitalisme, kontra-rewolusionêr in sy doodstryd teen kommunisme, is die enige kampvegter vir ons Gesegastaat, nasionaal en sosiaal van aard.

as werkkragte en uiters belangrike grondstowwe tot hul beskikking. Afgesien van die Japanse moederland, is die Japanse militêre en ekonomiese mag dus nie op sy duisende eilande gevestig nie maar op die Asiatiese vasteland, wat vanaf Mansjoekuo in die noorde tot by Singapoer in die suide strek. Hoewel Japan na Amerika en Brittanje die sterkste seemag in die wêreld is, is hy nie soos Brittanje in die eerste plek van sy oorlogsvloot afhanklik nie. Hierdie vloot is vir hom alleen 'n middel om die verkeer tussen sy eiland-besittings te handhaaf. Vandaar dat die Japanners in die huidige oorlog nog nooit hul oorlogsvloot as sulks in die slag gestoot het nie. Die vloot is alleen 'n hulpmiddel in die diens van die leër.

Dit is dus aan die leër en nie aan die vloot nie waaraan die Japanners die meeste waarde heg en waarvan hulle magposisie afhanklik is. Die lewensbelange van Japan op die Asiatiese vasteland verklaar dit ten volle. As die militêre mag van Japan dus vernietig moet word, dan sal eers sy leër, soos Mac-Arthur aan die hand gee, verslaan moet word. Hierdie landmag kan egter alleen deur 'n landmag verslaan word wat uit basisse soos Sibirië, China en Indië opereer. Op die oomblik is nóg Rusland nóg China in die posisie om hierdie taak te vervul nie. Alleen Indië bly rus oor. Maar in Indië heers daar onrus en hongersnood. In Indië sit vername Indiese leiers in die gevangenis. Die Indiese mensemassas staan dus nie een honderd persent agter die Geallieerdes se oorlogspoging teen die Japanners nie.

Maar dit is nie alles nie. Die Japanse verowering van Birma het nie alleen die Indies-Chinese landverbinding oor die Birma-pad afgesny nie, maar dit het die Japanners in 'n baie gunstige posisie vir verdediging en aanval geplaas. Die gesukkel van die Britse offensief teen die Japanners in Birma bewys dit. Die terrein en die klimaat is ander hindernisse wat 'n Geallieerde offensief in die weg staan.

In die vyfde oorlogsjaar is die Angelsaksiese bondgenote in die Verre Ooste sowel as in die Weste nog maar altyd besig met voorposte-gevegte. As die lugaanvalle op Duitsland dus nie daarin slaag om die moraal van die Duitse tuisfront te breek nie of as die Russiese kolos nie daarin slaag om die Duitse leër beslissend te verslaan nie, dan is die oor-optimisme in die Geallieerdes se propaganda nie alleen misplaas nie maar ook erg gevaarlik vir hulle self.

BENODIG

Gekwalifiseerde Snyer vir kleremakers-besigheid. Tweetalig. Meld salaris. Goeie vooruitsigte. Werk te aanvaar 1 April. Doen aansoek by:

Jac. J. Du Toit & Kie.
Posbus 61,
STELLENBOSCH.

Min of Meer

Belangrik

Churchill waardeer Mussolini

Onderstaande woorde is eens op 'n tyd deur Winston Churchill — niemand anders nie — gebesig:

„Ek kon nie help, om soos baie ander mense, 'n aangename indruk te kry van Signor Mussolini se kalme en eenvoudige voorkoms nie en van sy rustige en onverstoorte houding te midde van so baie laste en gevare. In die tweede plek kon enigeen sien dat hy aan niks anders gedink het as aan die blywende geluk, soos hy dit verstaan het, van die Italiaanse volk nie, en dat enigiets van minder belang vir hom nie die minste waarde gehad het nie. As ek 'n Italianer was, is ek seker dat ek heelhartiglik saam met jou sou gewees het, van die begin tot die einde van jou triomfantelike stryd teen die dierlike luste en hartstogte van Leninisme. Ek sal egter 'n paar woorde sê omtrent die internasionale aspek van Fascisme. Uitwendig het jou beweging 'n diens gelewer aan die hele wêreld. Die groot vrees wat hom altyd meester gemaak het van elke demokratiese leier of van 'n leier van die werkende klas, was, dat hy ondermyn of oortroef sou word deur iemand met meer ekstremistiese neigings as hy. Italië het gewys dat daar 'n metode is om die ondergrondse magte te beveg — 'n metode, wat die massas, as hulle reg gelei word, kan verenig en kan leer om die waarde in te sien, en kan inspireer tot gewilligheid om te veg vir die eerbaarheid en die standvastigheid van 'n beskaafde samelewing. Hy het die nodige antidote teen die Russiese gif verskaf. Hierna sal geen groot nasie onvoorsien wees van die uiteindelijke weermiddel teen die kankeragtige groei van Bolsjewisme nie.”

Vir die Vroue se Plakboek —

Die murgbeen van 'n bees, gesaag en ge-
verf maak 'n mooi servetring.

Die Eienaar en Personeel van

„Die Karoo Baken”

(Eienaar: BAKEN SMIT)

STELLENBOSCH

wens langs hierdie weg alle
Studente te bedank vir hulle
getroue en gewaardeerde onder-
steuning gedurende die
afgelepe jaar.

Ons heet u en die talle nuwe-
linge hartlik welkom vir die
jaar wat voorlê.

U verdere ondersteuning sal
baie waardeur word.

DIE VROUEKOMMANDO VAN

PAROW

hou 'n

STRAATKOLLEKTE

ten behoeve van die

O.B.-NOODHULPFONDS

op

Saterdag, 26 Februarie

te

PAROW

Uryheidsfees

SAMETREKKING TE KAAPSTAD
(Generaalskappe A1 en A2)

in die

HOFMEYRSAAL (Groote Kerkgebou) KAAPSTAD

op

26 FEBRUARIE om 7.30 nm.

AMAJUBADAG VIERING

(Interessante Program)

Almal Welkom !!

INSAMELING VAN FONDSE VIR O.B.-NOODHULPFONDS
MOET NIE WAG OP 'N BEVEL NIE — KOM !!

NATAL SE STRYD VIR MOEDERTAALONDERWYS

Genl. J. A. Smith se Rol

Die huidige taaloorlog in Natal herinner daaraan dat dit die derde groot en lewensbelangrike moedertaalstryd is, wat die domstrante verwaandheid van die Natalse jingo op die Afrikaners in daardie provinsie afdwing. In die eerste twee gevalle was die stryd nie heeltemal sonder sukses nie — inteeendeel die jingo moes in albei gevalle swig voor die vasberade aanslag van doelbewuste Afrikaners. Ons hoop derhalwe van ganser harte dat hierdie derde stryd die sege van finale oorwinning sal meebring!

Om die posisie insake die huidige stryd te verstaan moet ons hier korteliks verwys na die verloop van die vorige twee, want dit gaan almal oor dieselfde beginsel en die aard van die huidige stryd is presies dieselfde as die vorige twee. Ons weergee hierdie brokkie uit ons vaderlandse geskiedenis tot aansporing van ons mede-Afrikaners in Natal, om tot die bitter einde toe te volhard; en met die versekering daarby dat die Afrikaners in die Ossewabrandwag vir hulle sal help veg totdat oorwinning behaal is.

DIE EERSTE STRYD


Nadat die Engelse die Republiek Natalia in 1852 formeel beset het en

maak; ja, selfs om behoorlike voorsiening te maak vir die skoolgeriewe en onderrig van Afrikanerkindertjies wie se ouers hul huistaal gekies het, as voertaal vir hul kinders op skool. Eers is onderrig in die eie taal, privaat, aan 'n paar kindertjies gegee; later is voorsiening gemaak om dit te verskaf aan die kinders van 'n geringe aantal ouers. Hierdie voorsiening het daarin bestaan dat die kinders wat deur middel van Afrikaans onderrig moes word, hul lessies moes leer in 'n buitekamer van 'n Engelse meisieskool, in Langmarkstraat, Pietermaritzburg.

GENL. J. A. SMITH

Meer en meer Afrikanerouers het

'N PORTRET UIT DIE DAE VAN DIE TWEDE TAALSTRYD IN NATAL.



Genl. J. A. Smith met die Afrikanertjies, wat 'n Afrikaansmediumskool kom eis het, op die trappies van die Provinsiale Administrasie se gebou, Pietermaritzburg.

volle beheer geneem het oor die eerste boererepubliek in die noorde, het hulle oral Engelse skole opgerig, ten einde die sogenaamde onopgevoede Voortrekkerkinders Engels te leer sodat hulle Engels kon dink. Dergelike skole is opgerig o.a. te Port Natal, Oemlazi, Oemvoti (die latere Greytown), Bloukrans (later Weenen), en Pietermaritzburg. Skaars was die mure van hierdie skole droog, of die Afrikanerouers, wat op so 'n skaamtelose wyse onder die Britse vlag ingedwing is, eis moedertaal-onderrig. Net soos by die twee later geleenthede is hierdie elementêre reg die Afrikanerkindertjies van Natal nie gegun nie.

Maar die Afrikanerouers het voet by stuk gehou. Eers op Oemvoti en later ook op die ander plekke, het hulle hul kinders eenvoudig onttrek aan hierdie Engelse skole. Die Engelse onderwyser het bly sit met net 'n verlate gebou. Uiteindelik moes die Engelse skole almal gesluit word, en het die geboue tot puinhoop verval, want die Afrikanerouers het self voorsien in die onderrig van hul kinders. Aanvullend vir hierdie voorsiening het die ouers 'n Sentrale Hollandse Kosskool op Pietermaritzburg opgerig en dit onder toesig van die Kerk geplaas.

Christelik-Nasionale onderrig het heerlik geseëvier.

DIE TWEDE STRYD

In 1918, dank sy die optrede van ds. Pellisier, is die stryd hervat. Die Natalse administrasie het destyds geweier om moedertaal-onderrig verpligtend te

aanspraak begin maak op die reg van moedertaalonderrig vir hul kinders. Onder leiding van mnr. J. A. Smith, toendertyd Redakteur van Die Afrikaner en vandag die Adjunk-Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag, is in 1922 'n geweldige stryd met die administrasie aangegryp vir beter geriewe, die erkenning van die reg op moedertaalonderrig, en so meer. In 1924 het die stryd sover gevorder dat die kinders hulle saam met hul ouers teen die onreg begin verset het. Op bygaande foto sien die leser 56 van hierdie Afrikanertjies (die man met die hoed op die voorgrond is genl. Smith) op die trappies van die Administrasie se gebou. Hulle het gemarsjeer uit die krotte wat vir hulle as klaskamers moes dien, gemarsjeer om van die provinsiale owerheid hul reg te gaan eis, nl. 'n eie Afrikaanse skool. En daardie dag is die tansbestaande Voortrekker-Hoërskool te Pietermaritzburg aan hul behoof.

MEER OM TE DOEN

Die wet wat destyds in Natal gegeld het, het bepaal dat die ouers moes kies in watter taal hul kinders onderrig moes word, en ook dat hierdie keuse 'n jaar vooruit gedoen moes word. Dit het baie struikelblokke gelê in die weg van die totstandkoming van die beloofde skool. Meer moes gedoen word vir die Afrikanerouers van Natal.

Mnr. J. A. Smith het die behoefte aan hulp uit die ander provinsies gevoel, en daarom het hy in verbinding

getree met voorstanders van moedertaalonderrig aldaar woonagtig. In 1925 het elke provinsie twee afvaardigdes gestuur om die destydse Minister van Onderwys (dr. D. F. Malan) in Pretoria te ontmoet, ten einde hom en die regering te beweeg tot ingryping in Natal, sodat die Afrikanerkind wat deur die provinsiale administrasie veronreg word weer in sy regte herstel kon word. Hierdie afvaardiging, onder leiding van mnr. Smith, het o.a. bestaan uit wyle dr. Klaas Hoogenhout, dr. Van Bruggen, ds. Odendal, mnr. Pellisier en dr. Cillie.

DR. D. F. MALAN SE ANTWOORD

'n Maand of wat later het die amp telike antwoord van die Minister gekom. Die regering kan nie ingryp in die huishoudelike aangeleenthede van Natal nie. Dit sou gelyk staan met die skending van die outonomie van 'n provinsie. Die Afrikanerouers in Natal het hulle egter nie gesteur aan die outonomie van die rooi provinsie se jingoes nie. Hulle was gedagtig alleen aan die geboortereg van hul kinders. Hulle het hulle aangegord tot die stryd,

wys nie 'n provinsiale saak is nie maar die geboortereg van hulle kinders. Hierdie houding word ten volle toegesê deur die Volksbeweging omdat dit 'n getroue weerspieëling is van die onbreekbare gees van die Ossewabrandwag.

BREEK DIE JINGO-GEES

Dit is 'n goeie stryd hierdie wat die Afrikaners van Natal stry. Dit verdien die ondersteuning van alle Afrikaners, afgesien van partyskap. Hier moet net Afrikanerskap geld. Waar Natal om hulp roep teen die jingo moet elkeen toestroom, en sy kaal vuus plant, vir die finale uitklophou van daardie jingo-gees wat altyd so gretig die onderdrukking van die klein klompie Afrikaners in Natal aanmoedig.

Vir die Ossewabrandwag het hierdie stryd 'n besondere betekenis. Vir elke offisier en brandwag is dit 'n voorreg om voort te gaan op die weg wat ons A.K.G. help baan het.

PAS VERSKYN

Menslike Physiologie (Deel I.)

door

H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).

553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/- (Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, studente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarste is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

Pro Ecclesia-Drukkery
Die Laan Stellenbosch

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
Terme uiters billik.

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

TABBERDS!

GEBLOMDE KATOEN
Pragtige Modelle en Kleure
by

Steyns

PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE

DE KOCK se GARAGES

From 119 Voortrekkerstraat,
MIDDELBURG, Transvaal.
From 16 Herefordstraat,
GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS! . . .

V.M.K. AANBEVEEL.

WIL U 'N ORDENTLIKE PAK KLERE
LAAT MAAK?
Besoeek dan

RAUTENBACH'S

DIE DAMES EN MANS KLEREMAKERS
Voortrekkergebou 301 (Derdevloer)
Foon: 229535. JOHANNESBURG.

W. VOIGT (Eiens.) Ppk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

ONDERSTEUN!!!!

Poskantoor Haarkappers

Kerkstraat 173 - - - - - PRETORIA

vir

DAMES en MANS

Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

DIREK VAN FABRIEK AAN BOER

Kapkartule #9, Swaar #12; Enkel Kartulig
#8; Multitule #15; Donkietule #6, met stringe
#7; Tome vir mulle 15/-, vir perde 12/6.
Donkies 6/-; Ligte Halters 5/-, Swaar 8/6;
Saels met bulkgoort kompleet #1; Boere saels
met sagte stipplek #6; Borsplate vir Donkies
(lig) 5/-; Swaar 7/6; Borsplate vir Voormulle
#1-5-0, agter #1-7-6.

K.M.B. Onmiddellike aflewering op ontvangs
van Bestellings. Tevredenheid gewaagborg. -

Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62,
Newtown.
JOHANNESBURG.

P. E. WILKEN

MAKELAAR, VENDUAFSLAAR,
BOEDELBEREDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 16, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantoor:

RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

Schoemanello Drank....

VIR KWALITEIT EN TEVREDEN-
HEID DIE GOEDKOOPSTE

WYNE:	PER BOTTEL.—As u van 1 tot 6 bottels neem in geseide kissie van 12 bottels.	PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een neem te neem in kis- sie van 12 bottels.	PER GELING.—In 5-gel. vasstie of meer.
Fonkelwyn	5/-	5/-	—
Lewenswyn	3/6	3/6	—
Vermouth	2/6	2/6	—
Hanekraal-Cocktail	3/6	3/-	—
Likseurwyn en Ou Port	2/-	1/8	5/6
Jeripigo Rool en Wit	1/3	1/2	6/-
Soet Muskaal en Port	1/2	1/1	5/6
Worce. Hock en Pontak	1/1	1/-	5/-
Speziale Sjerrie	1/-	11d.	4/9
Sjerrie	11d.	10d.	4/3
BRANDEWYNE:			
Schoemanello	7/6	6/6	36/-
Ekstra Spezial	7/-	6/3	34/-
Brandewyn, F.C.	6/6	6/-	33/-
LIKEUR-BRANDEWYN:			
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum	5/6	5/6	31/-
JENEVEER LIKEURS:			
Lemoen en Suurlemoen	7/6	6/6	—
Jenever	7/6	6/6	—

Voeg by 5/- vir kisse en bottels, en 12/6
vir vasstie wat vergoed sal word by terug-
sending. Ons lever drank in ons inhouers
solank ons voorrade van inhouers het, en
alleenlik op voorwaarde dat die inhouers blinde
segtig dae aan ons terug besorg word. Weens
bottel skaarste kan ons alleenlik in ons ele
bottels, kisse drank verpak, waar sulke
drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/-
vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kis-
sies verlang word moet u n ele inhouers aan
ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gel-
tingvassties of groter. U kisse van 12 bot-
tels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likseur,
Vermouth en Hanekraal bevat. Terme:—
K.M.B. plus trekgeld na sylyne, K.B.A. plus
treknommisssie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

Uitgege deur Voerslag (Edms.) Beperk,
Kamer 703 Grootse Kerkgebou, Adderley-
straat, Kaapstad, en gedruk deur Pre- Ecce-
de-Druckery, Die Laan, Stellenbosch.

Geklassifiseerde Advertensies

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Handelsadvertensies: 3d. per woord, mini-
mum 6/- per plasing.

Persoonlike Advertensies: 2d. per woord
en 6d. vir elke afsonderlike versreël — mini-
mum 4/- per plasing. Advertensies geleë in
streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies
aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411,
Kaapstad.

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar).
Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per
halfjaar.

Nie deur Kommando maar direk by Voor-
slag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per
halfjaar.

Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

GEBOORTE

OOSTHUIZEN. — Aan mnr. en mev. F. J.
Oosthuizen, 'n fris O.B.-seun op 21 Januarie
1944 te Frankfort. Naas die Heer dank aan
dokter en verpleegster.

SCHUTTE. — Met dankbare erkentlikheid
verwelkom in ons gesin, 'n broertjie vir
Fransie, op 13 Februarie. Mnr. en mev.
H. J. Schutte (Lena Theron), Duthiestraat,
Malmesbury.

VISSER. — 'n Fris dogtertjie op 11 dezer
aan mnr. en mev. A. J. Visser, Hoërskool,
Calvinia, en eerste kleindogter van Hoof-
Genl. en mev. W. P. Burger, Skanskilp,
Brandvlei.

HUWELIK

DU PLESSIS — SUTHERLAND: Hiermee
maak ons tweeities, Asst. Veldkte. Engela,
en Korp. John, albei van Groblershoop, be-
kend dat ons huwelik D.V. 21 Februarie
namiddag voltrek word. Telegramme Grob-
lershoop. Geen resepsie.

HUMAN—VAN DEVENTER: Ons, Sannie,
dogter van mnr. en mev. F. J. van Deventer,
Donkerpoort, Nylstroom en Asst. Veldkornet
Gert Human, (Kommando F2a2), oudste seun
van mev. en wyle mnr. E. J. Human, Palala,
maak bekend dat ons D.V. 11 Maart te
Nylstroom trou. Geen kaartjies. Geen resep-
sie. Telegramme Nylstroom.

IN MEMORIAM

VAN NIEKERK. — In tere herinnering aan
'n geliefde suster en tante, Anna, skielik heen-
gegaan te Hindenburg, Ficksburg op 22 Febru-
arie 1942. Thys, Martha en Thysie. Fontein,
Humansdorp.

PERSOONLIK

BOERE AANDAG! BETHAL ROEP!! Bring
u wol, velle en pluimvee na Boere Produkte
Mark, h/v. Mark- en Clergstrate, Bethal,
vir top pryse. S. J. Spies, Bestuurder.

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AF-
SLAERSBESIGHEID.—Vendusties word enige
tyd op enige plek gereël. In ons vendustie loka-
le word artikels ook enige tyd uit die hand
verkoop. Ons is ook Eendomsagents en reël
verbande. Afrikaanse Nasionale Afslaaers en
Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., San-
lam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Pos-
bus 515.

W. J. Grobbelaar — Dames en Here Haar-
kapper. Permanente haargolwing. Handelaar
in Tabak en fantasiegoedere. Agente vir die
beroemde Election-horlosies. Kerkstraat 92,
Potchefstroom. Foon 330.

BETREKKING GEVRA

AFRIKANER, ongetroud, 22 jaar, verlang
betrekking as plaasvoorman. Het kennis
van algemene boerdery en saaiery. Meld
voorwaardes aan D. Mynhardt, P/s. Dikies-
rust oor Vryburg.

BETREKKING VAKANT

Benodig Afrikaaner dogter bo 18 jaar om in
huis te help. Moet lief wees vir kinders.
Naaldwerk 'n aanbeveling. Salaris £3 tot £4
per maand volgens bekwaamheid. Rig appli-
kasies vergesel van getuiskrifte aan mev.
R. L. Barry, Robertson.

Benodig Onderwyser(es) op plaas. Afri-
kaans medium, drie leerlinge, Std. I tot Std.
IV. Salaris £12 per kwartaal, vry inwoning
en vervoer van stasie, ens. Moet dadelik
begin. E. Schmidt, P.K. Langkrans, Vryheid.

Dringend benodig: 'n flukse, ongetroude,
opregte O.B.-Afrikaner, as voorman op vrugte
en wynplaas. Begin salaris £6 per maand
met vrye inwoning. Doen aansoek by:—
P. C. Malan, Bus 69, Wellington.

BENODIG

DRINGEND benodig, Aga of Esse stoof.
Sal enige persoon wat een of ander van
hierdie stowe te verkoop het, asseblief dade-
lik in verbinding tree met F. S. Olivier,
P/s. Oudeland, Graaff-Reinet.

TE KOOP

Kandpleeg Benadé vir die koop en verkoop
van huise, plote en plase in Bloemfontein
en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rente-
koers. J. G. Benadé, Sasbankegebou, Bloem-
fontein.

8-STUK Klaathout ameublement vir £20.
Bestaan uit 4-voet tafel, 4-voet buffet
2 armstoel en 4 gewone stoel. Bekleed met
Roxine. Skryf aan mej. J. Taljaard, Bus 18,
New Castle.

VERJAARDAGKETING

24 Feb.: Milluns Visser, Kaapstad;
Linda du Toit, Observatory; Katharina
van Wyk, Grootdrink; Anna van Wyk,
Hugenoot; Hennie van Heerden, Tar-
kastad.

25 Feb.: Awie Visser, Sutherland;
Martha M. H. van Zyl, Moorreesburg;
J. Burgers, Bellville.

26 Feb.: Johannes Kitshoff, Stellen-
bosch; Hendrik Lubbe, Stellenbosch;
Johan Louw, Paarl; Jacobus Lieben-
berg, Lambrechtsdrift; Simon Uys,
Malmesbury; Wilhelmina Brand, Pa-
row.

27 Feb.: Amelia du Toit, Port Eliza-
beth; Malie Botha, George; Ella Slab-
bert, Paarl; Nellie Lombard, Bedford;
Elizabeth M. Krause, Kirkwood; An-
dries Lubbe, Tiervlei; Dina van Ton-
der, Somerset-Oos.

28 Feb.: Marie A. Groenewald, Ep-
pingtuindorp; Jenny Basson, Stellen-
bosch; Joachim J. H. Victor, Merwe-
ville; Pieter Venter, Oos-Londen; Jo-
seph Fournie Nel, Port Elizabeth; Ro-
bert J. J. Visser, Nababeep.

29 Feb.: Daniël J. Freeman, Epping-
tuindorp.

1 Maart: Anna M. Schreuder, Au-
ghrabies; Francois du Plessis, Bell-
ville; Nicklaas J. Fourie, Leeuwkloof;
L. Plotz, Somerset-Oos; Martin F. van
Rensburg, Kirkwood; Erna Fahren-
fort, Parow; Elsabe Roux, Fransch-
hoek; Susanna C. van der Merwe, Fra-
serburg.

TE KOOP

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/8
50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems
met steele 2/-, Besems vir huishoudelike
gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte,
Speelmasakraal, George. K.M.B. J. P. Wage-
ner, Kilp Elvier, P.K. Speelmasakraal, George.

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë
Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese
bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6
per pond; Kaapse geel (stroof kleur) 6/6
per pond. Koop regstreeks van die kwe-
ker en ondersteun julle mede-Afrikaner. Gert
van Rooyen, Bus 41, Unbondale.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van
die opdraakwakkende verowering van die
meubelmak deur 'n sulwer Afrikaanse-onder-
neming? Excelsior Meubels se pragtvolle
toon hoe ses groot takwinkels en twee fa-
brieke in diens van die volk presteer. U kan
deel in die winste — die brosjure verduidelik
hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan:
Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670,
Johannesburg.

KOLJANDER en Wortelsaad direk van die
producent. 3 Pond pakkie Koljander oor
die pos 3/6; 100 pond sak V.O.S. £3-15-0
K.M.B. Gemaal 5/- ekstra. Ook SHANTENY
wortelsaad 1/- per ons; 10/- per pond oor
die pos. P. W. Kloppers, Paul Krugerstraat,
Robertson.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak
waar u waarde, diens en tevredenheid
kry. Petra-Meubels Bpk. Sentraalstraat 220,
Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo,
Kombuis- en handwasbakke, baddens, sep-
tiese tenks, pilare, vloerteëls, voertroe. Enig-
lets in beton. Direkteure: P. W. en P. G.
van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.

VOLKSPELEAAND

Volkspele word gehou by die huis van mev.
D. Geldenhuys, Wynnestraat 13, Parow, op
Vrydagand, 25 Februarie. Almal word hart-
lik uitgenooi.

HERHOLDT se BOOMKWEKERIE,
Posbus 663, — Johannesburg.

Ons voorrade van Vrughtebome en Rose was
vroeg uitverkoop die afgelope Plant-selsoen, ons
simpatiseer met die van ons kliente wie se
benodigdhede ons nie kon voorsien en gee u
die goeie raad om nou u bestelling te plaas
vir 1944 Winterplantselsoen, u is dan seker
van u geliefkoosde soorte super-gehalte bome,
betroubare diens en tevredenheid!
Sierstruik, Uitlandse bome, Palms en Hel-
ningplante beskikbaar vir Sommer-Planting.
Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis
aan planters. (1)

GILFILLAN en STROH

Die 100% Afrikaanse Fietshandel.
Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en
verkoop van gebruikte fietse; Handel met nuwe
fietse en fietsonderdele.

Ons waarborg alle werk.

KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.

PLUIMVEE

Die beste firma in

JOHANNESBURG

om u PLUIMVEE, EIERS, en ander produkte
aan te stuur is:

O. M. ELOFF en Kie, (Edms.) BEPERK,
Posbus 7185
MOERMARK, NEWTOWN

*
Skryf aan Posbus 909
Pretoria vir u benodig-
hede en vir



Brandwagte!

DAAR IS MAAR
'N BEPERKTE
HOEVEELHEID
OOR

*

Silwerpleet Kommetjies

DIE LIK AS 'N
SUIKERPOT —

6/-elk. Posgeld 6d.

Sleutel-Kettings

'N DIENLIKE EEU-
FEESAANDINKING

1/6 elk.

Posgeld 2d.

Uniewinkel


Kerkstraat

PRETORIA

Benoni, Vereniging, Johannesburg, Kaapstad.

Waarde
vir geld

Kommando



-sigarette

MARK AGENTSAP

Vroeë Mòre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDEL-
LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS
OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR en VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-6215.